**Tjokkies Preprimêr**
TEL: 051-522 3628
preprim@tjokkies.co.za

# Tjokkiebrief

**16 Januarie 2026**

**Kw. 1 NUUSBRIEF 1**

## Ouervergadering

**Donderdag, 22 Januarie 2026 om 18:00 in die skoolsaal.**

Hierdie is 'n **baie belangrike** ouervergadering en ons sal graag elke gesin se ouers daar wil hê, ook ouers wat reeds 'n kleuter in die kleuterskool gehad het. *Ten minste een of albei ouers se teenwoordigheid word verlang.*

Géén kinders in die saal tydens die vergadering nie asseblief, daar sal studente-toesig vir ons kleuters by die kleuterskool wees indien u dit benodig.

Ouer boeties en sussies kan ongelukkig nie ook by die kleuterskool geakkommodeer word nie.

Belangrike Tjokkie inligting en reëls word tydens die Ouervergadering aan u deurgegee.

*Parkeer asseblief sovêr moontlik in Rossstraat of ander nabye strate waar sekuriteit gereël is, verkieslik nie in Paul Krugerlaan nie.*



## Kosblikke en waterbottel

Die kleuters het reeds hul splinternuwe Tjokkie waterbottel ontvang! Baie dankie aan Karli se mamma, Simoné Labuschagné, wat dit vir ons bekostigbaar verskaf het.

Leer u kleuter om soggens self sy/haar waterbottel in die waterbottel rakkie te sit en self die middagkos en koeldrank in die yskas te gaan bêre.

## Skoolfooie




Skoolfooie word per jaar deur die Beheerliggaam bepaal en word in 11 maandelikse paaiemente verdeel vanaf Januarie tot November. Hiervolgens kan die skool beplan, vooruitgaan en maandelikse verpligtinge nakom.


**Oggendsorg vir 2026 is R2000.00 p/m en Voldagsorg is R2 770.00 p/m.**

Baie dankie dat u hierdie verpligting rakende u kleuter met verantwoordelikheid opneem en reeds Januarie se skoolfooie vereffen het.

## Doelwitte van die kwartaal – Gr R

Ons gee elke kwartaal doelwitte vir Gr R aan u deur. Dit behels kennis en vaardighede waarmee u u Gr R kleuter tuis kan help. Tjokkie kleuters ontvang nog nie huiswerk nie, maar kleuters wat tuis aandag kry vorder vinniger op skool.

Baie dankie vir u hulp!



## Kaalvoethempies

Ons wil graag so gou as moontlik ons rooi kaalvoethempie aan die kleuters beskikbaar stel.

Die juffrouens het reeds die hempies begin pas, maar die pasreeks is hierdie Maandag en Dinsdag soggens tussen 7:00 tot 8:00 en 12:30 tot 13:00 in die kantoor beskikbaar as u dalk self u kleuter se hempie-grootte wil bepaal.

Al die kleuters moet so ‘n hempie hê, dit word op Maandae aangetrek vir Kinderkinetika en Klasmusiek.





## Eet voor skool



Ons verstaan dat dit party oggende “rowwer” as ander gaan, maar probeer asseblief dat u kleuter elke oggend voor skool tuis iets eet.

Peuselhappies kan nie in die hand by die hek ingebring word nie.

## Leerderprofielfoto’s



Ons versoek dat alle kleuters asseblief sovêr moontlik op Dinsdag, 20 en 27 Januarie by die skool sal wees vir die neem van die leerderprofielfoto’s.

## Ons verwelkom twee nuwe assistente

**Mariné van den Berg** (Rooiklas) is ‘n 2de jaar student en kom van Bethlehem af. Sy het ook reeds op 3 Januarie verjaar. Baie geluk juffrou Mariné, mag jy ‘n geseënde nuwe lewensjaar hê.

**Monique van der Westhuizen** (Groenklas) is ‘n finale jaar student en was ‘n Kimberliet.

Mag julle sommer vinnig deel word van ons Tjokkie familie en ‘n leervolle tyd by ons ervaar.



## Buitemuurs

Privaat buitemuurse aktiwiteite word na 15:10 by die kleuterskool aangebied. Ons stuur vandag pamflette van die aktiwiteite in die briewesak saam huistoe.




Uitstallings en meer inligting sal op die ouervergadering beskikbaar wees.

Inskrywings wat nie aanlyn is nie kan by die kantoor ingedien word tot 6 Februarie.

Buitemuurs begin op Maandag 2 Februarie.

*Sien die rooster hierby aangeheg.*

## Eerste Kwartaal Kalender



Die kalender word vandag ook in die Briewesak huistoe gestuur.

Kyk gerus daarna en maak nota's van al die datums om ingelig te bly.



Die kleuterskool swem op Vrydae, wat op die kalender aangedui is. **Ons eerste swemdag is Vrydag, 23 Januarie!** Maak asseblief vir u 'n nota op die kalender, dit het per abuis uitgeval. Swem inligting word volgende week uitgestuur.

## Parkering

Ons versoek dat ouers asseblief op geen tydstip deur die dag onder die afdakke parkeer nie, aangesien dit vir die personeel geallokeer is.

Hou veiligheid en bedagsaamheid altyd ingedagte.

Géén kind mag in die parkeerarea hardloop of onvergesel wees nie.




## 2027 Aansoeke

Ons huidige Tjokkie Graad RR kleuters hoef nie vir Tjokkies Graad R aansoek te doen nie en ons huidige Gr R kleuters hoef nie vir Tjokkies Gr 1 aansoek te doen nie.







{*Deel gerus hierdie met familie en vriende.*}



# Tjokkies

Preprimêre Skool



## Buitemuurserooster 2026

| Dag: | Tyd: | Waar: | Wie: | Kontak nr: |
|---|---|---|---|---|
| **MAANDAG** | | | | |
| Playball | 15:15 - 15:45 of 15:45 - 16:15 | Agtertuin | René | 082 496 1410 |
| Louise Fourie Dance Studio | 15:15 - 16:00 | Blouklas | Louise | 082 714 1589 |
| Piggy Maths | 16:00 - 16:45 | Stoep | Anita | 072 378 3473 |
| **DINSDAG** | | | | |
| Tennis (Gr R) | 12:30 - 13:00 | Tennisbane | Sherwin | 073 623 4865 |
| Voortrekkers | 15:00 - 15:30 | Oranjeklas | Christelle | 079 899 6474 |
| Pocket Rocket Hockey | 15:15 – 15:45 | Plastiekgras | Ryno | 072 222 2125 |
| Kuns | 15:15 - 16:00 | Blouklas | Elsabé | 072 674 6897 |
| **WOENSDAG** | | | | |
| Experi-Maatjies | 15:15 - 15:45 | Stoep | Suzaane | 072 123 5900 |
| Krieket Akademie | 15:15 - 16:00 | Laerskool | Inligting nog nie beskikbaar | |
| Skaak | 16:00 - 16:30 | Rooiklas | Angie | 084 380 8733 |
| **DONDERDAG** | | | | |
| Tennis (Gr RR) | 12:30 - 13:00 | Tennisbane | Sherwin | 073 623 4865 |
| Gen S Pre-Bokke Sport Academy | 15:15 – 15:45 | Grasperk | Ruan/Kantoor | 062 129 3511 / 062 854 5365 |
| Monkey Nastix | 15:15 - 15:45 | Blouklas | Jaco | 082 412 4216 |

**Alle buitemuurs word privaat aangebied en inskrywings, reëlings en betalings geskied direk tussen u en die aanbieder.**